**31 Maart**

**Skriflesing: Psalm 22 en 23**
**Fokusgedeelte: Psalm 23**

## God se verlossingsplan

Psalm 22 is die bekende lydenspsalm wat met die kruisiging en opstanding van Jesus in vervulling gegaan het. Jesus is ons goeie Herder wat sy lewe vir ons afgelê het. Die gevolge van hierdie heerlike verlossing word in Psalm 23 uitgespel. Na die warm dag van aardse stryd en probleme is daar altyd die groen weiveld en waters van rus.

Hy gee aan elke ware gelowige ’n bonatuurlike vrede en rustigheid (Fil 4:4-9). Selfs in die allermoeilikste omstandighede weet ons die Here gee krag en sy onmisbare bystand. Terwyl die hele mensdom, regerings en onderdane, op soek is na lewensvolheid, besit die ware gelowige dit reeds! ’n Vol en gelukkige lewe is alleen moontlik as ons in noue verbondenheid met die goeie en liefdevolle Herder lewe. Net God kan ons van ’n feeslewe te midde van al die probleme hier op aarde verseker. In die hiernamaals sal dit in sy heerlike volmaaktheid deurbreek.

*Sing: Psalm 23*

*Ds. APC Duvenage (Emeritus)*